


Towerlantern Fotografie
fotografienuus
januarie 2022



Sonsopkoms oor 'n mistige kubistiese landskap

Lensopening: f2,8; Sluiterspoed: 2/5 sekonde; Fokale lengte: 100 mm; Beligting: selfoon

'n Nuwe jaar bring nuwe dinge – op alle terreine, van jou gesondheid tot jou ontspanning. Van Towerlantern Fotografie se kant af wil ons jou 'n mooi en voorspoedige nuwe jaar toewens, vol vrede en vreugde.

Mag jou fotografie van krag tot krag gaan. As jy gereeld foto's neem, mooi so, hou aan daarmee. As jou kamera al begin stof opgaar, pak dit uit, stel dit af van outomaties en spring weg. Towerlantern kan jou met jou fotografiesake help: Van 'n eenvoudige mik-en-druk-kamera (soos jy moontlik mag dink) tot 'n gevorderde kamera wat jou grys hare gee. Doen navraag, ons help graag – en dis gratis!

Wees deel van die uitgebreide Towerlantern-familie. Skryf in vir 'n kursus, pas ons Facebook-wenke toe, stuur foto's of kort artikels vir ons vir plasing in Fotografienuus. Lees hierdie uitgawe, in die besonder ons bespreking oor kers- en selfoonbeligting van foto's. Doen moeite om die artikels van Joanie Schoonen, Tanya Reeder en Josef Steyn te lees. En gaan op reis om die langste brug ter wêreld te sien.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa van [Colourcode Designs](#)

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrieff? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

— voorbladfoto

Soos enige ander kunsrigting, is daar by fotografie ook 'n groot aantal fotogenres (of foto-afdelings as jy wil). Baie van dié genres is duidelik afgebaken, byvoorbeeld sterfotografie of vuurwerkfotografie. Maar dan is daar ander genres wat 'n baie wyer fototerrein beslaan, byvoorbeeld makrofotografie en abstrakte fotografie.

Die voorbladfoto is 'n voorbeeld van so 'n wyer terrein, naamlik enkelligbeligting-fotografie, waar daar slegs van een ligbron gebruik gemaak word. Die inligting by die foto is die "logiese" instellings en het nie regtig verdere verduideliking nodig nie. Let wel op dat die sluiterspoed stadig is, naamlik 2/5 sekonde. Dit is toe te skryf aan die feit dat die foto nie in helder lig geneem is nie, juis weens die enkele ligbron wat gebruik is.

Ons wil jou help met enkellig-beligting. Dit is 'n tegniek wat jy gemaklik saans in jou huis kan uitvoer. Ook is dit 'n wonderlike tydverdryf wanneer daar beurtkrag is of as jy 'n tydperk van self-isolasie moet deurworstel.

2022 – 'n Besondere jaar vir Towerlantern Fotografie

2022
– 15 jaar oud –

Soos die opskrif sê is vanjaar 'n besondere jaar in die bestaanstyd van Towerlantern. Die rede is dat ons vanjaar 'n volle 15 jaar oud is!

Ons heel eerste klas het plaasgevind van 26 tot 30 November 2007. Dit het oor 5 dae gestrek met 2 sessies per dag (sien die program regs onder). Ons was 2 aanbieders – en ons is nog steeds dieselfde twee aanbieders, Johan en Johann. Die een die bestuurder en die ander een die navigator, en andersom. 'n Paar van die destydse studente is steeds nog op ons e-poslys.

Ons is natuurlik meer as dankbaar oor hierdie 15 jaar. In die eerste plek teenoor die Here vir hierdie wonderlike fotografiejare en alles wat daarmee saamgegaan het. Dan is ek ook baie dankbaar teenoor Johann Nel (die bestuurder/navigator) vir al die hulp en bystand. Verder ook vir Sienie, my vrou, vir al die

Persone teenwoordig by die eerste kursus: Anna-Marie du Plooy, Chantél Duarte, Hein Venter, Kobus van der Walt, Mariana Plotz, Pieter du Plessis, Sonja van der Walt, Sonja Venter, Zahné Visser

hulp tuis (veral vir die beskuit wat deur baie fotografiewe beters onthou word as die kamera-inligting!).

'n Verdere persoon om te bedank is ons dogter, Fransa Vorster, wat die uitleg van en afronding aan elke geskryfte wat geskryf word, doen. Ook soos hierdie uitgawe van Fotografienuus wat jy nou in jou "hande" het. Ons kan ook nie anders nie as om dankie te sê aan elke kursusganger en elke belangstellende. Ook jy wat hier lees.

Om hierdie jaar 'n feesjaar te maak, sal ons maandeliks van die nuuswaardighede van die Towerlantern-verlede vertel. Daar sal ook maandeliks 'n **lesersgeskenk** beskikbaar wees.

Maandag:

Oggend: komposisie; lig

Middag: lensopening; sluiterspoed

Dinsdag:

Oggend: lensopening en sluiterspoed

Middag: ISO; beligting; ligmeting

Woensdag:

Oggend: flits, kunsmatige lig; lense

Middag: perspektief; praktiese uitstappie

Donderdag:

Oggend: portrette en ateljeebeligting

Middag: stillewe- en produkfotografie

Vrydag:

Oggend: landskap-, natuur- en reis-fotografie; voorlegging-bespreking

Middag: spesiale sake; basiese reëls; eie beplanning; samevatting

Towerlantern Fotografie
- Januarie 2022 -

Die program



UIT TOWERLANTERN FOTOGRAFIE SE GESKIEDENIS

2022
- 15 jaar oud -

Ons heel eerste klasgeleentheid, November 2007, was 'n proëfneming en proëflopie. Nie een van ons, Johan of Johann, het al voorheen 'n fotografeerklas aangebied nie. Wel was klasonderrig vir nie een van ons vreemd nie, aangesien dit ons beroepe was. Alles het egter so goed en glad verloop dat ons besluit het om op aanvraag aan die begin van die volgende jaar weer 'n klas aan te bied. Van daar af het dit net van krag tot krag gegaan.

Die eerste klas was ook heeltemal gratis. Die studente het aan die einde van die kursus waarskynlik gevoel hulle wil darem iets gee – die meegaande foto wys die geskenk, en daarmee saam 'n reusagtige bos blomme.



Koekies en rose

Januarie 2022

Towerlantern LESERSGESKENK



Om Towerlantern se 15 jarige bestaansjaar te herdenk, het ons in Januarie drie aanbiedings van ons eerstevlak-aanlynkursus vir 'n gesins-, familie- of vriendepaar:

- Eerste inskrywing: Gratis vir die paar.
- Tweede inskrywing: R500 vir die paar (1/4 van huidige tarief).
- Derde inskrywing: R1000 vir die paar (1/2 van huidige tarief).

Die aanbod geld inskrywinggewys, net vir Januarie en moet teen 31 Januarie 2022 begin. Doen navraag by johan@towerlantern.co.za vir die inligting- en registrasievorm.

Towerlantern Fotografie
- januarie 2022 -

Meer oor enkellig-beligting

Om die saak van enkellig-beligting goed uiteen te sit, noem ons die volgende sake:

- Die term “enkellig-beligting” kan wyd geïnterpreteer word. Dit kan strek van 'n enkele lig met behulp van 'n miniflitsliggie, verby 'n enkele ateljeelig tot 'n kollig-skynerper in 'n teater. Vir ons doel sal ons ons bepaal by minder algemene tuisligbronne, byvoorbeeld 'n TV- of rekenaarskerm, 'n selfoon of 'n kers.
- Dis belangrik om te begryp dat as daar gepraat word van enkellig-beligting, dan moet die ligbron nie self in die foto wees nie! In die geval van 'n selfoon is die bedoeling dus dat die selfoon nie ook in die foto moet wees nie! Nog minder praat ons van selfoonfoto's. Dis bloot net beligting met 'n selfoon. So geld dit ook vir kersligfotografie: geen kers(e) in die foto nie!
- Die bedoeling is dus foto's wat in die donker of sterk skemer (binnens- of buitenshuis) geneem word met slegs een ligbron.
- Dit is nie nodig om die vertrek of ateljee waar jy die foto's neem, absoluut pikdonker te maak nie. Enige dowwe beligting, anders as die enkele ligbron, moet slegs hulp wees vir die kamera-instellings en moet geen rol in die foto-beligting speel nie.

Kyk na idees oor hierdie tegniek by die onderstaande skakels. Let net op dat sommige foto's die ligbron wys – dit is nie ons idee hier nie.

Laat hierdie tegniek vir jou 'n nuwe uitdaging wees. Geniet dit. Ons gee verderaan riglyne daarvoor.

SELFOON:



<https://digital-photography-school.com/how-to-use-a-cell-phone-for-dramatic-night-photography/>

REKENAAR/TABLET:




<https://digital-photography-school.com/use-tablet-smartphone-light-source-photography/>

KERS:




<https://digital-photography-school.com/14-tips-for-great-candlelight-photography/>



Pocket Softbox

Vir ons bespreking van enkelligbeligting-fotografie is dit nodig dat jy die selfoon-app Pocket Softbox (of iets dergelyks) op jou selfoon aflaai. Jy kan dan ook sommer alle kleurfilters vir nabyfoto's in jou kamerasak weggooi. As jy eers tuis is met die gebruik van die *Pocket Softbox*-app, sal jy dit steeds bly gebruik. Die foto's hierby, van slegs een toneel, wys wat jy daarmee kan doen.



Pocket Softbox se ikoon lyk so as jy daarna soek

waardering
van *lesers*

Barry Torlage, Merrivale Heights: Wat die nuusbriëf betref: Ek vind dit uiters interessant en leersaam! Ek moet egter erken dat ek dit nie net lees en bêre nie, maar uiters deeglik bestudeer (met die Canon byderhand); dis al hoe ek leer en onthou.

Towerlantern Fotografie
- Januarie 2022 -

RIGLYNE

VIR ENKELBELIGTING-FOTOGRAFIE

Die riglyne wat hier gegee word is om foto's te neem soos die kleurstel van 4. Stel 'n klein toneeltjie in die aand op op 'n tafel. Doen alle instellings in gewone beligting. Skakel alle ligte af (met moontlik lig van 'n ander vertrek wat effens inskyn). Gebruik verder die selfoon se *Pocket Softbox* vir onderwerpbeligting.

KAMERA-INSTELLING: Doen die opstelling, komposisie en basiese fokussing terwyl jy goeie lig het. Gebruik beslis 'n driepoot omdat die sluiterspoed stadig gaan wees en omdat jy self dalk die ligassistent gaan wees. Volg die meegaande voorskrifte.

TIPE LENS

Die lens hang af van die tipe onderwerp.

FORMAAT

Kies soos nodig.

ISO

Stel die ISO af van outomaties en op die laagste waarde, bv. 100. As dit nodig is, verhoog dit tot hoogstens 400.

WITBALANS

Eksperimenteer self met die witbalans, selfs die Kelvin-stelling as jy dit op jou kamera het.

FOKUSPUNT EN ROWWE FOKUSSERING

Onthou alle komposisie-afsprake.

LENSOPENING

Kies die grootste lensopening waartoe die kamera in staat is.

SLUITERSPOED

Verstel die sluiterspoed met behulp van die liniaal vir die korrekte beligting. Omdat die ligkwaliteit dalk moeilik kan wees, moenie alle vertrou op die liniaal stel nie. Neem dus 'n verskeidenheid foto's met 'n gevarieerde liniaalstelling.

FYN FOKUSSERING

Maak gebruik van die LCD-skerm en sorg vir 'n skerp fokussing van die fokuspunt.

Sny jou foto's!



Ons begin vandeemaand met 'n nuwe rubriek waarin ons wenke gee vir beter selfoonfoto's. Hiermee 'n staande uitnodiging om navræ oor selfoonfotografie aan ons te stuur.

Die voor-foto van Nettie van der Walt van Stellenbosch word met haar toestemming gebruik om 'n basiese kunsbeginsel te beklemtoon, naamlik "minder is meer".

Dit gebeur dikwels met selfoonfoto's dat dit haastig geneem word. Trouens, dit is die een voordeel van 'n selfoonkamera dat jy so vinnig foto's kan neem. Maar pasop dan vir steurende elemente.

Nettie skryf oor die foto hierby: "Stormagtige weer. Vroegaand geneem van my balkon deur 'n amateur."

Die probleem wat Nettie by hierdie toneel gehad het, en dit is vir alle fotografe 'n probleem, is dat daar te veel goeters ("steurende elemente") is wat in die foto beland. En dis dinge wat niks met die foto te doen het nie. In hierdie foto is dit – weens die spesifieke omstandighede – die voorgrond wat pla. Of jy nou met 'n selfoon of 'n gewone kamera met dié probleem sit, ons wenk is: Sny dit weg. Op die selfoon: *Edit, Crop & rotate*.

Die na-foto hierby wys hoe dramaties meer trefkrag die foto het deur net die voorgrond weg te sny. Behalwe dié snyding is daar bo, regs en links ook bietjie weggesny om die balans reg te hou. Ook is die kontras effens verander om die wolkkleur meer uit te bring.



FOTOGRAFIE-VOORNEMENS

Met die nuwe jaar voor ons, en terwyl baie mense nuwejaarsvoornemens maak, het ons gedink om 'n paar fotografie-voornemens vir die jaar te deel. Jy is welkom om dit ook te doen, of deel gerus joune met ons:

- **Neem meer foto's.** (Jy hoef nie skielik duisende foto's te neem nie. Neem net meer as wat jy in 2021 geneem het.)
- **Wees meer metodies.** (Moenie net enige ding afneem nie. Dink, voor jy 'n foto neem, aan die komposisie en wat jy met die foto wil bereik.)
- **Deel foto's op jou webblad of sosiale media.** (Onthou, dit gaan nie oor die hoeveelheid *likes* wat jy kry nie, maar beskou dit eerder as 'n persoonlike fotodagboek waarop jy kan terugkyk.)
- **Probeer iets nuuts.** (Wou jy nog altyd treffende swart-en-wit foto's neem? Hierdie jaar is dit jou kans!)
- **Begin 'n foto-projek.** (Wil jy dalk die maan in alle fases afneem? Of elke dag van die maand 'n ander tema?)
- **Leer 'n nuwe tegniek.** (Leer hoe om met jou kamera abstrakte of impressionistiese foto's te neem.)
- **Skeduleer 'n foto-uitstappie.** (Dit kan in jou omgewing wees of reël 'n uitstappie na die naaste wildtuin om voëls en diere af te neem.)
- **Neem foto's saam met fotografievriende.** (Reël self so iets. Ons kan ook hiermee help. Trouens, ons het dit in die vooruitsig om ons reeks "Kom neem/kyk saam foto's" na die inperktyd weer te laat herleef.)

Bron (aangepas vir plaaslike omstandighede):

<https://improvethephotography.com/51345/11-new-years-resolutions-photographers/>



•Canon EOS 50D R3 800

Incl:18 - 200mm lens, Canon eyepiece extender,
lens filter, 72mm lenshood

•Vanguard camera bag R 900

•Vanguard tracker tripod R1 100

EXCELLENT CONDITION. RARELY USED. BENONI

CONTACT: 083 262 3839

FOR SALE




A whole new world

Tanya Reeder, Potchefstroom



Perfect target



Fire in the sky

I became part of the Towerlantern family in July of 2017. I say family because that's what they are, and just as the name suggests it really is Magic in the light and Johan and Johann are the genies.

A whole new world opened for me. I was taught to look beyond the obvious, to explore the unexpected, to capture the unimaginable and to envision the impossible. Photos stopped being photos and became works of art.

Johan with his huge amount of knowledge and unending patience opened a kaleidoscope of opportunity. He awakened a passion in me I never knew existed. I now look for pictures inside of pictures. Colours I previously overlooked or took for granted become alive and vibrant; it is as if I previously wore blinkers.

There is so much to discover and so much more I can learn, I have only just skimmed the tip of the iceberg and it is exhilarating and fun and intriguing all wrapped up in a surprise package.

Photography started off as a hobby but has now become my passion. I love taking photos of sunsets; being able to capture God's creation is humbling. I also love people photography and macro photography. I can't imagine my life without my camera. I am constantly surprised at my achievements, looking at my photos with pride and awe. When you capture the light just right or the angle perfectly it's amazing what you are capable of.

There is a whole new world out there just waiting to be discovered ... Get a camera, do a photographic course, it will change your life forever.

My lewe deur 'n makrolens


Joanie Schoonen, Potchefstroom

Ek is reeds vanaf Julie 2010 betrokke by Towerlantern Fotografie en het al vele kursusse voltooi. Met elke kursus leer mens iets nuuts en elke kursus is 'n nuwe uitdaging. Ek onthou nog met my eerste kursus hoe ons die opdragte in A5-formaat moes laat druk het by Kodak. Tydens die klasse het ons dan die foto's onder mekaar rond gestuur om daarna te kyk en kommentaar te lewer. Nou kan ons alles digitaal besigtig wat dit vir almal baie makliker gemaak het. So ook die fotografieklasse wat aanlyn aangebied word.

Ek hou van alle tipes fotografie maar met verloop van tyd het ek 'n liefde vir makrofotografie ontwikkel. Nadat ek belê het in 'n makrolens, het 'n nuwe wêreld vir my in fotografie begin. Nie net word 'n makrolens vir makrofotografie gebruik nie, maar jy kan dit vir enige tipe fotografie gebruik – die goue reël bly, gebruik altyd jou driepoot. Idees vir makrofotografie is legio. Hierdie styl laat mens koester na die ontsagwekkende. Ons is geleer om wyer te dink oor fotografie, om nie net 'n "kiekie" te neem nie, maar om 'n "wenfoto" te neem. Met bietjie kreatiwiteit en die regte kamera-instellings kan mens 'n eenvoudige onderwerp in iets onwerklik optower.

Nog 'n hoogtepunt vir my is die jaarlikse fotouitstalling. Daar maak ons kennis met ander fotografievriende en bewonder hulle beste werke wat jou nog meer inspireer om jou eie passie vir fotografie nog verder uit te leef en te verbeter.

Wat die toekomst betref is my wens dat elkeen van ons in die komende jaar sal voortgaan om ons passie vir fotografie verder te kan uitleef.



Rookfotografie

Josef Steyn, Stilbaai

Die fotografering van rook is 'n eenvoudige proses en 'n ideale aktiwiteit vir 'n reënerige dag. Dit kan selfs met 'n mik-en-druk-kamera gedoen word.

Stel die kamera op 'n driepoot op met 'n klein lensopening, sê f22 en ISO 100. Fokus vooraf per hand met behulp van die LCD-skerm. Sorg dat die kamera se outomatiese flits afgeskakel is. Gebruik enkellig-beligting, byvoorbeeld 'n selfoonflits (op selfoon: *flashlight*), om die rook te belig. Plaas dié ligbron reghoekig tot die kamera regoor die rookbron. Eksperimenteer wat die intensiteit en afstand tussen die flits en rookbron betref. Eksperimenteer dan ook met die sluiterspøed.

As alternatief tot die ligbron aan die sykant, kan dit oorweeg word om die kamera se ingeboude flits te gebruik. Watter tipe kamera ook al gebruik word om die foto's te neem, dit is wenslik om 'n swart agtergrond te kry waarteen die rook kan kontrasteer.

As rookbron werk "joss sticks" (wierookstokkies) goed want dit gee rook op 'n kontinue basis. Ander bronne is 'n kers nadat dit doodgeblaas is of 'n sigaret. Dit is soms nodig om die rookpluim effens te versteur om mooi patrone te kry.

Met na-verwerking per rekenaar kan daar nou na smaak gesny word en swart swarter en wit witter gemaak word totdat die beeld reg lyk. Die inkleurproses is meer gekompliseerd en daarvoor benodig jy Photoshop. Die moontlikhede is bykans onbeperk.



OP INTERNET GESIEN



Elke jaar kondig Pantone hul kleur vir die volgende jaar aan. Jy kan verwag om hierdie kleur in enige ontwerp te sien – van interieur tot mode. Miskien selfs fotografie?

Pantone skryf die volgende oor hierdie “periwinkle”-blouers: “Displaying a carefree confidence and a daring curiosity that animates our creative spirit, inquisitive and intriguing PANTONE

17-3938 Very Peri helps us to embrace this altered landscape of possibilities, opening us up to a new vision as we rewrite our lives.”

Lees hier meer: <https://bit.ly/3pFPH65>



Lees meer oor die instansie Pantone by <https://en.wikipedia.org/wiki/Pantone>



GAAN OP REIS

saam met Towerlantern

Dis vir min van ons beskore om op 'n uitgebreide wêreldreis te gaan. Erger nog, om by vreemde plekke en kulture te kom.

Kom dan, vir die lekkerte, saam met Towerlantern op reis. Ons sal jou maandeliks op reis neem. Kry jou kamera, ons wil vertrek...

Ons neem jou op ons eerste reis met die vraag: Watter en waar is die langste brug in die wêreld? Die antwoord is: Die Danyang-Kunshan-brug wat Beijing en Shanghai in China met mekaar verbind met 'n totale lengte van 164,8 kilometer!

Kom vlieg saam; gaan aan boord, en besigtig dié langste brug: <https://youtu.be/4NqjZKla7B8>



OP INTERNET GESIEN

Kyk mooi om jou rond – weerkaatsings kan in enige reflekerende voorwerp gesien word. En jy kan dalk net 'n interessante foto daarvan neem! Of dalk 'n vreemde foto, soos hierdie een van Philip Cornish. Onthou, jy wil hê iemand moet twee keer na jou foto's kyk – anders is dit maar net 'n gewone kiekie.



Kyk hier vir nog oulike idees:
<https://www.boredpanda.com/reflection-photography/>

FOTO- *idees*

Idee 1: Kamerafilters

Gebruik jou kamera se monochroom-instellings om monochroomfoto's te kry.

Touekanters Fotografie
Januarie 2022 -

FOTO- *idees*

Idee 2: *Soft Box*

Gebruik jou selfoon se *Soft Box*-app om verskillende kleurfoto's te kry.

Towerlantern Fotografie
- Januarie 2022 -

FOTO- *idees*

Idee 3: Speseryfoto's

Gee spesery-geur aan jou foto's – soos hierdie kaneelstokkie.




Towerlantern Fotografie
- Januarie 2022 -

FOTO- *idees*

Idee 4: Dramatiese tonele

Gebruik jou selfoon; wees op die uitkyk vir dramatiese foto's – wolke, water.



TowerLantern Fotografie
- januarie 2022 -

Brand IQ
ADVERTISE HERE
011 861 0442 | info@brandiq.co.za

FOTO- *idees*

Idee 5: Kersplesier

Gebruik slegs een kers en moontlik 'n spieël om warmte uit te beeld.

Touwerlantern Fotografie
- januarie 2022 -

Ons bied verskillende plaaslike en aanlynkursusse in Afrikaans aan:

2022 SE KURSUSSE

– plaaslik en aanlyn

EERSTEVLAKKURSUS

Ons begin by die heel begin. Dié kursus behels sake soos komposisie, lig en kamera-instellings. As jy wonder waar jy moet begin, dan is dit hier.

Prys: R1000.

SELFOONKAMERAKURSUS

Die basiese elemente van fotografie word bespreek, met toepassing op jou selfoon. Jy sal meer leer oor hoe om besondere foto's te neem en basiese fotoverwerking op jou selfoon te doen. Vier lesings

Prys: R500.

FOTOVRIENDE

Vir gevorderde studente bied ons 'n geleentheid om hul fotografie op 'n hoë vlak te hou. Ons stuur maandeliks 'n opdrag uit wat dan 'n paar weke later ingestuur moet word. Die opdrag word bespreek en die patroon word herhaal. Van die meer onlangse opdragte het gegaan oor abstrakte fotografie en minimalistiese fotografie.

Oor hierdie opdragte sê een van die deelnemers, Lydia le Roux, die volgende: "Ek is bly vir die uitdagings wat die lewe interessant hou. Ek dink hierdie maandelikse deelname was baie suksesvol en gewild."

Prys: R600

SPECIALISKURSUS

In hierdie kursus word daar op enkele onderwerpe (3 tot 4 per kursus) gekonsentreer. Hierdie kursus word plaaslik en aanlyn gesamentlik aangebied.

Prys: R1000.

GEVORDERDEVLAKKURSUS

Ons voer die basiese onderwerpe van die eerstevlak verder. Aandag word aan verskeie genres gegee en die lyn word deurgetrek na impressionistiese fotografie.

Prys: R1000.

Doen vir al hierdie kursusse navraag by:

johan@towerlantern.co.za

Towerlantern Fotografie
- Januarie 2022 -